**TOM NEWBY SCHOOL**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **SUBJECT:** | **AFRIKAANS** | **EXAMINER:** | **MEV SCHUTTE** |
| **DATE:** | **5 JUNIE 2015** | **MARKS:** | **45** |
| **SESSION:** | **1** | **TIME:** | **1 UUR 30 MIN** |
| **GRADE:** | **4** | **MODERATOR:** | **MEV PIENAAR** |


**This Afrikaans Exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School Afrikaans book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking.**

**NAAM:** Memo **GRAAD 4:** ________

## Afdeling A: Begripslees

Lees die onderstaande storie en beantwoord die vrae wat daarop volg.


**Peppino se sirkus treffer (*hit*)**



Peppino is 'n hanswors (*clown*). Sy hemp is wit met rooi kolle. Sy broek het oranje strepe. Op sy kop het hy 'n hoed met 'n klokkie wat tienge-linge-ling maak. Hy het bruin sproete (*freckles*) op sy wange en 'n rooi neus.

Peppino doen vandag 'n nuwe toertjie (*trick*). Hy is bang iets loop skeef. "Jy moet vir my duim vashou, meneer Luna", sê hy vir die sirkusbaas (*circus boss*).

Die mense fluit (*whistle*) en klap hande toe Peppino op die verhoog (*stage*) stap. Hy gooi ses balle in die lug en vang dit op 'n stokkie (*stick*) wat hy tussen sy tande hou. Hy toor (*transforms*) 'n wit haas (*rabbit*) uit 'n swart hoed. Hy verander 'n lang stuk tou in vier kort stukke en woerts-warts word dit weer een.



Skielik slaan die tromme (*drums*). Doem! Doem! Doem! Peppino wys vir die mense om stil te wees. "Dis my nuwe toertjie" kondig (*announces*) hy opgewonde aan. 'n Meisie stoot 'n eenwielfiets (*one wheel bicycle*) op die verhoog. Peppino gaan sit op die saal (*saddle*) met 'n fles (*flask*) water op sy rooi neus. Stadig ry hy om en om die verhoog. Die musiek word vinniger, Peppino ry vinniger. Om en om ry hy. Vinniger en vinniger. Die mense hou hul asem op.

Agter die gordyn (*curtain*) wag ses apies hulle beurt (*turn*) af om op te tree. Apie Freddie is baie dors (*thirsty*). Hy snuif (*sniff*) die lug. Toe kruip (*crawl*) hy onderdeur die gordyn, hardloop na Peppino, spring op sy skouer (*shoulder*), gryp die fles water en drink dit op. Peppino wikkel-wakkel en slaan neer. Die mense is doodstil. Hulle weet nie of hulle moet lag of huil nie.

Peppino weet wat om te doen. Hy tel die apie op sy skouer en ry om en om. Vrolik waai (*wave*) hulle vir die toeskouers (*audience*). Almal lag en klap hande. Hulle roep "Bravo Hanswors! Bravo Apie!"

Van daardie dag af was Freddie deel van (*part of*) Peppino se vertoning (*show*) en elke keer was dit 'n treffer.

DIE EINDE

Vrae:

1. Wie is die hoofkarakter van die storie? Hoekom sê jy so?
   Peppino. Die storie gaan oor hom. / Sy naam is in die titel. / Die storie gaan oor sy toertjies [2]
2. Wat is die titel van die storie?
   Peppino se sirkus treffer. [1]
3. Beskryf die hanswors se klere.
   Sy hemp is wit met rooi kolle.
   Sy broek het oranje strepe.
   Sy hoed het 'n klokkie. [3]
4. Wat was Peppino se eerste toertjie?
   Hy het 6 balle in die lug gegooi. Hy het dit gevang op 'n stokkie. Die stokkie het hy tussen sy tande gehou. [3]
5. Sê of die volgende sinne waar of onwaar is.
   a) Peppino het 'n swart haas uit 'n wit hoed getrek.
      Onwaar. [1]
   b) Die sirkusbaas se naam is Luna.
      Waar [1]
6. Wat het die meisie op die verhoog gestoot?
   Die meisie het 'n eenwielfiets op die verhoog gestoot. [1]

GM 2015

7. Pas kolom A by kolom B. Skryf slegs die regte letter langs die regte nommer neer, bv. 1. B

| | A | | B |
|---|---|---|---|
| 1 | Die hanswors | a | Doem! Doem! Doem! |
| 2 | Neus | b | Wag agter die gordyn |
| 3 | Toeskouers | c | 'n Groot treffer |
| 4 | Ses apies | d | Peppino |
| 5 | Die nuwe toertjie | e | Lag en klap hande |
| 6 | Tromme | f | Rooi |

1. d ✓ 2. f ✓ 3. e ✓ 4. b ✓ 5. c ✓ 6. a ✓ [6]

8. Wat is die apie se naam wat deel was van Peppino se nuwe toertjie?

Freddie ✓ [1]

9. Wat het met Peppino gebeur toe die Apie op sy skouer spring?

Peppino het neergeslaan. ✓ / Hy het geval. [1]

10. Dink jy Peppino was kwaad vir die apie? Hoekom/ Hoekom nie?

Eie respons : Ja ✓ hy het seergekry. ✓

Nee sy toertjie het goed uitgewerk. [2]

11. Skryf die verloop van die verhaal in die regte volgorde.

- Laastens doen hy sy nuwe toertjie.
- Peppino is 'n hanswors in die sirkus.
- Hy sny 'n lang tou in 4 stukke en maak dit weer 1 lang tou.
- Die toeskouers hou baie van die nuwe toertjie, die einde.
- Hy toor 'n wit haas uit 'n swart hoed.
- Hy gooi ses balle in die lug en vang dit weer op 'n stokkie, tussen sy tande.



1) Poppino is 'n hanswors in die sirkus. ✓1

2) Hy gooi 6 balle in die lug en vang dit weer op 'n stokkie, tussen sy tande. ✓1

3) Hy toor 'n wit haas uit 'n swart hoed. ✓1

4) Hy sny 'n lang tou in vier stukke en maak dit weer een lang tou. ✓1

5) Laastens doen hy sy nuwe toertjie. ✓1

6) Die toeskouers hou baie van die nuwe toertjie, ✓1 die einde. [6]

12. Het jy van die storie gehou? Ja/ Nee? Gee 'n rede vir jou antwoord. ✓

Eie respons : Ja ✓1, die hanswors het oulike ✓1 toertjies gedoen. Nee, die apie was stout. [2]

**Sub-totaal: [30]**

GM 2015

**Afdeling B: Taal**

1. **Vul die korrekte intensiewe vorm in.**

   a) Peppino se neus is rooi, dit is (baie rooi).

   bloedrooi ✓1 spelling tel + een woord. [1]

   b) Sonder ligte op die verhoog is dit donker, dit is (baie donker).

   pikdonker ✓1 / stikdonker [1]

   c) Na die opvoering is Peppino moeg, hy is (baie moeg).

   doodmoeg ✓1 [1]

2. **Die volgende sinne se woorde is deurmekaar. Jy moet hulle in die regte volgorde skryf. [S v1 T O M P v2 I]**

   a) [geniet – **V1**] [die sirkuskonsert – **O** ] [elke aand – **T** ] [baie – **M** ] [Die mense – **S** ]

   Die mense geniet elke aand die sirkuskonsert baie. ✓1 Alles moet reg wees. [1]

3. **Plaas die kappie op die woorde waar nodig.**

a) Peppino is 'n hardwerkende kêrel, ✓1 hy lê ✓1 nie net heeldag rond nie. [2]

4. **Plaas die deelteken op die woorde waar nodig.**

a) Die sirkusbaas maak seker al die voëls ✓1 het geëet. ✓1 [2]

5. **Gee die korrekte vorm van die woorde in hakies.**

   Die hanswors het *baie* **a) (toertjie)** toertjies ✓1. Sy gunsteling toertjie is die een wat hy saam met die *klein* **b) (aap)** apie ✓1 doen. Dit is 'n treffer. Die toeskouers geniet dit en klap *hulle* **c) (hand)** hande ✓1. Dit is 'n snaakse toertjie, want die twee ry saam op 'n *klein* **d) (fiets)** fietsie ✓1. Die fiets het net een **e) (wiele)** wiel ✓1. [5]

**6. Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd. (Past tense)**

a) Freddie spring op die hanswors se skouer.

Freddie het op die hanswors se skouer gespring. ✓½

[1]

**7. Skryf die volgende sin oor in die toekomende tyd. (Future tense)**

a) Die apies wag geduldig agter die gordyn.

Die apies sal geduldig agter die gordyn wag. ✓½

[1]

**Totaal: [15}**

**Groot totaal: [45]**

GM 2015